

HOOFSTUK 2

VROEË VESTIGINGSFASES TOT MET DIE YSTERTYDPERK IN DIE OMGEWING VAN VEREENIGING

Ten einde 'n duidelike beeld van die afgelope honderd jaar se ontwikkeling in Vereeniging te bekom, is dit nodig om 'n bondige geheelbeeld van die dorp se vroeë vestigingsfases te skets.

Die doel van hierdie hoofstuk is om teen die agtergrond van Vereeniging se landskapsgeskiedenis, die aard en omvang van die volgende onderskeibare vestigingsfases in die grondvestiging van hierdie stad te beskryf.

2.1 PERIODISERING VAN DIE VROEË VESTIGINGSFASES

Gedurende hierdie vroeë vestigingsfases het die natuurlike omgewing 'n deurslaggewende rol in die ontwikkeling van hierdie gebied gespeel. Die rede hiervoor is dat hierdie omgewing lank reeds 'n gesogte vestigingsplek is omdat die natuurlike omgewing in alle lewensbehoefte van die primitiewe mense voorsien het. Nedersettings in hierdie gebied het waarskynlik reeds in die Ystydperk voorgekom. Die oudste sigbare oorblyfsels van lewe in hierdie omgewing is egter die klipwerktuie van die Steentydperkinwoners wat in die omgewing van die Vaal-, Klip- en Suikerboschrandriviere gevind is.

Hoewel hierdie vroeë vestigingsfases nie in duidelik afgebakende tydperke plaasgevind het nie, kan daar tog onderskeibare fases waargeneem word. Wetenskappe soos die Argeologie en Fisiese Antropologie het hierdie ontwikkelingsfases van die vroeë gemeenskapslewe in Suid-Afrika van meer as een-en-'n-half miljoen jaar gelede gerekonstrueer. Hiernaas was vak dissiplines soos die Geskiedenis en Volkekunde vir die teboekstelling van die afgelope 6 000 jaar verantwoordelik. Hierdie wetenskaplikes gebruik verskeie teorieë en denkrigtinge om die studieveld in die volgende fases te periodiseer.¹

2.2 VESTIGINGSFASES

In hierdie oorsig word elke vestigingsfase kortliks beskryf ten einde 'n beeld van Vereeniging se vroeë grondvestiging saam te stel.

¹ A. Meyer, "Stand van argeologiese insig in die volkerbewegings in Suid-Afrika", *South African Journal of Ethnology*, vol. 12, no. 2, June 1989, pp.69,70.

2.2.1 DIE PREHISTORIESE FASE

2.2.1.1 INLEIDING

Uit hierdie voorafgaande uiteensetting is dit duidelik dat die grondvesting van Vereeniging baie verder terug dateer as die ontdekking van steenkool en die gepaardgaande industrialiserings- en verstedelikingsproses wat gedurende die laat negentiende eeu plaasgevind het.

Op grond van dokumentasie wat nagelaat is, is dit redelik maklik om 'n verhaal van die gebeure saam te stel wat 'n eeu gelede in Vereeniging plaasgevind het. Hoe hoe verder daar in die verlede van Vereeniging gedelf word, hoe moeiliker raak dit om die verlede te rekonstrueer. Ouer dorpe, soos Vereeniging, se geskiedenis is daarom meer interessant, omdat die leser ook kennis neem van gebeure wat onder andere vyfhonderd jaar of selfs 'n miljoen jaar gelede gebeur het. Die gebeure wat in hierdie ontwikkelingsfase afgespeel het lê dus voor die historiese basislyn waar daar nie materiële oorblyfsels nagelaat is nie.² Dit maak die geskiedenis van die dorp 'n ryker kultuurskat om in te delf.

2.2.1.2 DIE YSTYDPERK

Gedurende die Ystydperk (wat ongeveer 300 miljoen jaar gelede dateer) het daar in die huidige Transvaal oermense gewoon wat baie intelligent was en wat daarin kon slaag om vir twee miljoen jaar sonder enige hulp van buite te oorleef. Vereeniging se vestigingsgeskiedenis begin daarom alreeds met die Ystydperk, met ander woorde sowat 300 miljoen jaar gelede.³

2.2.1.3 DIE STEENKOOLTYDPERK

Hierdie tydperk het die grondslag vir die latere industrialiseringsproses in Vereeniging gelê, omdat oerplante 'n waardevolle erfenis in die vorm van steenkool nagelaat het.

Oerplante is algemeen as *Glossopteris* bekend en is uit 'n verskeidenheid plantelemente saamgestel. Sommige van hulle kan geredelik as eeue oue verwante van sekere moderne vorms herken word. Ander spesies het geheel en al uitgesterf. Die oorheersende plant uit hierdie tydperk, waarvan verskeie spesies bekend is, het eenvoudige blare gehad wat na

2 Vgl. J.L. van der Walt, "Die oorsprongsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekende mense van Suider-Afrika en die opvoedkundige betekenis daarvan", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, vol. 31, no. 3, September 1991, p.233; A. Meyer, "Stand van argeologiese insig ...", p.69.

3 Vgl. S.F. le Roux, *Die prehistoriese geskiedenis van Vereeniging*, pp.1,2.

bloekomboomblare gelyk het. Die blare van hierdie plante was oor die algemeen tongvormig. Die plant ontleen sy naam *Glossopteris* (tongvormig) aan hierdie blaarvorm.⁴

Ongeveer 200 miljoen jaar gelede het hierdie *Glossopteris*plante welig in en om reuse moerasse, wat gedurende hierdie tydperk voorgekom het, gegroei. In hierdie waterryke omgewings, soos in Vereeniging, is die plante uiteindelik in plantfossiele gekarboniseer. Na 'n karboniseringstydperk van etlike miljoene jare, is hierdie oerplante uiteindelik in steenkool omvorm.⁵ Die prosesse van die natuur het dus oor 'n tydperk van miljoene jare op hierdie wyse 'n natuurlike hulpbron ontwikkel wat hierdie gebied se industrialiseringsproses ten grondslag gelê het.

Die merkwaardige reeks skalielae waarin die hierdie plantoorblyfsels in 'n besonder goeie toestand behoue gebly het, word veral by Vereeniging aangetref. Die uitwendige struktuur van hierdie plante se blare kan in sommige fossiele in detail bestudeer word. Sommige fossiele is deur die insypeling van ysteroksied in skakerings van rooi en geel gekleur.⁶

Tussen 1946 en 1955 is nuwe kleigroewe deur Vereeniging Refractories ontgin waarin ryk fossiellae uitgegrawe is. S.F. le Roux was 'n plaaslike kenner op die gebied van paleobotanie. Hy het gedurende 1936 as 'n vakleerling in die plaaslike boubedryf betrokke geraak en vir baie jare as amateur die vakterreine van die paleontologie en argeologie bestudeer. Le Roux het toestemming van die Raad van Historiese Gedenkwaardighede verkry om ongesteurd van dié bogenoemde waardevolle plantfossiele vir navorsing bymekaar te maak. Sy vele geskrifte bevat die resultate van hierdie arbeid.⁷

Hy het ook in die omgewing van Voortrekkerstraat en waar USKO se ontspanningsklub geleë is, fossiele uitgehaal. Navorsing deur Le Roux en ander argeoloë het aan die lig gebring dat bogenoemde plantfossiele die oorblyfsels van die bogenoemde plantegroei is wat meer as 200 miljoen jaar gelede in hierdie gebied voorgekom het. Soortgelyke fossiele is ook deur ander navorsers in lande soos Suid-Amerika, Indië en Australië aangetref.⁸

4 S.F. le Roux, "They {fossilplants} grew 200 million years ago", *South African Panorama*, January 1966, p.24.

5 S.F. le Roux, "Uit die oertyd van Vereeniging" {plantfossiele naby Vereeniging}, *Brandwag*, vol. 11, no. 638, 23 Desember 1949, p.33.

6 S.F. le Roux, "Plante uit die oertyd", *Huisgenoot*, vol. 42, no. 2209, 24 Julie 1964, p.7.

7 Vgl. S.F. le Roux, *Die prehistoriese geskiedenis van Vereeniging*, pp.1-4.

8 S.F. le Roux, "Uit die oertyd van Vereeniging", pp.32,33.

Ander paleontologiese ontdekkings is ook gemaak:

- ◆ Die Ginkgoboom wat dateer uit die dae lank voor die oerdiere die aarde bewandel het.⁹
- ◆ Die blare, stingels en vrugliggame van hierdie paleontologiese fondse is besonder goed bewaar.¹⁰ Die fossiele is helder gekleur in skakerings van rooi en geel.¹¹
- ◆ Seldsame fossiele van uitgestorwe plantegroei is volop in die omgewing van die Vaalrivier naby Vereeniging gevind.¹² Rare fossielplante soos die "Plumstediella Elegans" wat 'n ooreenkoms met naaldbome het, is ook by Vereeniging gevind.¹³

2.2.1.4 DIE EERSTE KLIPWERKTUIGVERVAARDIGERS VAN DIE STEENTYDPERK

Naas die mense wat gedurende die Ystydperk in hierdie gebied gevestig was, het 'n volgende groep nedersetters waarskynlik een-en-'n-half miljoen jaar gelede as draers van die sogenaamde Acheul-kultuur hulle in hierdie gebied gevestig.¹⁴ Hierdie omgewing was 'n tropiese lushof en het daarom 'n fokuspunt vir lewe gevorm.

Slegs die volgende enkele voorbeelde van hierdie Acheul-kultuur is in Suid-Afrika gevind. In die woonbuurt Drie Riviere op die plaas Klipplaatdriest by die samevloeiing van die Vaal- en Klipriviere, asook in Stellenbosch, het uitgrawings 'n verskeidenheid van klipwerktuie uit hierdie tydperk blootgelê.¹⁵

Die ontsluiting van hierdie tydperk van die prehistoriese geskiedenis van Vereeniging het met die argeologiese ontdekkingswerk van T.N. Leslie begin. Hierdie voormalige burgemeester van Vereeniging het sedert 1892 as 'n steengroefwerker verskeie terreine met materiële

-
- 9 S.F. le Roux, "Vonds van wêreldbelang by Vereeniging: die Ginkgo-boom het in Suid-Afrika ook gegroei", *Huisgenoot*, vol. 38, no. 1652, 20 November 1953, p.15.
- 10 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 27 September 1968: report.
- 11 S.F. le Roux, "They {fossil plants} grew 200 million ...", pp.24,25.
- 12 S.F. le Roux, "Uit die oertyd van Vereeniging", p.32.
- 13 S.F. le Roux. "A new fossil plant, Plumstediella Elegans, from Vereeniging, Transvaal", *South African Journal of Science*, vol. 62, no. 2, February 1966, pp.37-43; S.F. le Roux, "A new fossil plant with probable coniferous affinities from Vereeniging, Transvaal", *South African Journal of Science*, vol. 61, no. 5, May 1965, pp.199-201.
- 14 Vgl. J.P. Johnson, *The pre-historic period in South Africa*, 2nd ed., pp.8,9.
- 15 H.J. van Aswegen, *Die geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, p.16; *Sunday Times*, 15 October 1967: report; *Vaalweekblad*, 18 Junie 1976: berig.

oorblyfsels gevind waarop bekende argeoloë later wêreldkundige navorsingswerk gedoen het. J.P. Johnson vermeld in 1912 dat hy en T.N. Leslie op die wal van die Vaalrivier, aan die westekant van die dorp, 'n groot aantal werktuie gevind het.¹⁶ Johnson het ook by die samevloeiing van die Taaiboschspruit in die Vaalrivier werktuie ontdek.¹⁷

Die opspraakwekkendste ontdekking wat in hierdie opsig gemaak is, is een van die belangrikste argeologiese vindplekke van die Steentydperk ter wêreld wat C. van Riet Lowe gedurende die twintigerjare aan die Kliprivier ontdek het.¹⁸

S.F. le Roux, die bogenoemde inwoner van Vereeniging, het ook sy dorp se prehistoriese geskiedenis ywerig deur opgrawings en klassifikasie van materiale bestudeer. Die klipwerktuie wat onder meer deur Le Roux ontdek is, is eenvoudige kliptoerusting wat deur die primitiewe mens in die Vereeniginggebied vervaardig is.

Voorbeelde van hierdie klipwerktuie bestaan uit stamp-, kap-, sny-, skraap- en graafgereedskapstukke. Sommige van hierdie werktuie is ook as wapens aangewend. Die sogenaamde handpik, wat min of meer amandelvormig is, het in hierdie tydperk van 'n primitiewe tot 'n hoogs beskaafde werktuig ontwikkel. Dit is enersyds gebruik om mee te graawe. Indien hierdie amandelvormige klip aan 'n steel geheg is, kon dit andersyds ook as 'n gedugte wapen gebruik word. Hierdie besonder interessante werktuig is gedurende die Steentydperk met 'n wydverspreide voorkoms in lande soos Afrika, Europa, Engeland, Java en Indië gebruik. Dit kom egter nie in Amerika voor nie.

Hierdie handpikke was een van die belangrike ontdekkings wat in hierdie omgewing gemaak is. Opgrawings in Vereeniging het verskeie werksplekke van hierdie oermense blootgelê waar opeenvolgende stadia in die vroeë ontwikkeling van die handpik bestudeer kan word. Een van die mees veelbesproke terreine in die verband is aan die Kliprivier naby die USKO-ontspanningsklub gevind. Hierdie terrein is deur T.N. Leslie ontdek.¹⁹

'n Ander belangrike opgrawingsterrein is in die woongebied Drie Riviere geleë. Die materiaal wat in hierdie omgewing vir die vervaardiging van hierdie werktuie gebruik is staan as kwartsiet, 'n harde klip wat stadig verweer, bekend. Die rou materiaal kom in die vorm van ronde spoelklippe in die growwe sand van die Vaal-, Klip- en Suikerboschrandriviere voor. Dit is interessant om te weet dat die werktuie wat hier in die Vereeniginggebied gevind is,

16 J.P. Johnson, *The pre-historic period in South Africa*, p.25.

17 J.P. Johnson, *The pre-historic period in South Africa*, p.35.

18 R.J. Mason, *Prehistory of the Transvaal: a record of human activity*, pp.23-31,40-49,113-115,117,124.

19 R.J. Mason, *Prehistory of the Transvaal*, pp.40-49,113-115,117,124.

soortgelyk is aan sommige van die werktuie wat in die gebied van die Sterkfonteingrotte gevind is.²⁰

Die volgende belangrike argeologiese fondse is in die omgewing van Vereeniging gevind:

- ◆ Klipvoorwerpe is in 'n omtrek van etlike kilometer om Vereeniging gevind.²¹
- ◆ By Taaiboschspruit naby Vereeniging is ook handbyle onder klei gevind wat 'n ooreenkoms met die Steentydperk toon.²²
- ◆ Op die plaas Schoongesicht no. 64 IQ, by Keyterskloof aan die Suikerboschrand noord van Vereeniging, is 'n groot rots van ongeveer twee ton digby 'n landmetersbaken, wat die hoogste punt in die omgewing aandui, gevind. Hierdie rotsblok, wat op verskeie plekke in 'n bepaalde vorm gekap is, het blykbaar deel van 'n groter klipbouwerke gevorm.²³

Uit hierdie bogenoemde oorblyfsels van die Acheul-kultuur wat gevind is kon argeoloë bepaal het op watter wyse hierdie mense geleef en gewerk het. In hierdie omgewing het die primitiewe mense dus alle noodsaaklike lewensmiddele gevind wat nodig was vir hulle bestaan, naamlik genoeg water en diere om te jag.²⁴ In rivierbeddings het die mense spoelklippe bymekaar gemaak om hul klippgereedskap te maak.²⁵ Uit 'n kultuurhistoriese oogpunt is hierdie mense se bydrae tot die ontwikkeling van die mens baie belangrik.²⁶

Die primitiewe mens se tegnieke in die vervaardiging van werktuie het aansienlik gedurende die Steentydperk verbeter. Met die aanvang van die sogenaamde Middel Steentydperk was daar 'n merkbare verskil tussen die werktuie van die Vroeë Steentydperk en dié van die Middel Steentydperk. Handpikke is nie meer vervaardig nie. In die plek van die handpik is die spiespunt as die hoofwerktuig vervaardig. Sommige van hierdie skeppings is werklike kunswerke en moes 'n sterk vermoë van handvaardigheid vereis het. Skrapers, lemme en

20 S.F. le Roux, *Die prehistoriese geskiedenis van Vereeniging*, pp.1,2.

21 T.N. Leslie, "The stone age industry of Vereeniging", pp.867,868.


22 S.F. le Roux, "Interesting new discoveries on the Taaiboschspruit ...", pp.99-106.

23 S.F. le Roux, "Strange rock found at Keyterskloof, Vereeniging", *South African Journal of Science*, vol. 60, no. 2, February 1964, p.59.

24 R.J. Mason, *Prehistory of the Transvaal ...*, p.498; *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 20 September 1963: report.

25 Vgl. S.F. le Roux, "New South African chelles-soheul site near Vereeniging", *South African Archaeological Bulletin*, vol. 14, no. 56, December 1959, pp.138-141; *Vereeniging News*, 22 August 1952: report.

26 H.J. van Aswegen, *Die geskiedenis van Suid-Afrika ...*, p.16; *Sunday Times*, 15 October 1967: report.



Figuur no. 2.1: Werktuie wat by Drie Riviere gevind is

Bron: R.J. Mason, *Prehistory of the Transvaal: a record of human activity* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1962).

ander tipe werktuie is bo en behalwe hierdie punte vervaardig. Hierdie werktuie was baie meer gevorderd van aard as die werktuie wat uit die Vroeë Steentydperk dateer. Die mens van die Middel Steentydperk was klaarblyklik bedrewe in die jagkuns aangesien 'n menigte oorblyfsels van diere dikwels saam met die klipwerktuie gevind is. Werktuie wat uit die Middel Steentydperk dateer, is langs die Taaiboschspruit, 'n sytak van die Vaalrivier, gevind.²⁷

Die materiaal wat hierdie mense vir hul werktuie gebruik het, is hoofsaaklik andesitiese lawa, 'n klip met 'n fyn grein wat in groot hoeveelhede in die Vereeniginggebied voorkom. Met betrekking tot die vraag wie die vervaardigers van hierdie werktuie is, kan gemeld word dat die sogenaamde Florisbadskedel wat 45km noordwes van Bloemfontein gevind is²⁸ en die Boskopskedel wat naby Potchefstroom gevind is, interessante lig werp op die fisiese hoedanighede van hierdie mense wat gedurende die Middel Steentydperk geleef het.²⁹

Die Laat Steentydperk wat op die Middel Steentydperk volg, strek oor etlike duisende jare en het met die verdwyning van die Boesman ten einde geloop. Die werktuie van hierdie tydperk is gewoonlik klein en sluit 'n verskeidenheid skrapers van verskillende groottes, boorklippe, snygereedskappe, pylpunte, deurboorde klippe, gegroefde klippe en maalklippe in. 'n Verskeidenheid van klipsoorte soos leiklip, kalsedoon, jasper, kwarts en versteende hout het as rou materiaal gedien. Versiersels soos hangers en krale van volstruiseierdoppe is in die skuilings van hierdie mense gevind. Die werktuie wat uit hierdie tydperk dateer en hier in Vereeniging gevind is, is hoofsaaklik langs die Taaiboschspruit ontdek en behoort tot die laaste fase van die Laat Steentydperk. Die vervaardigers van hierdie werktuie was onbekend met die gebruik van ystererts en metaal.³⁰

2.2.1.5 DIE PROTOHISTORIESE FASE OF DIE YSTERTYDPERK

Hierdie prehistoriese geskiedenis van Vereeniging word deur die Ystertydperk voortgesit. Hierdie tydperk word in die Vroeë, Middel en Laat Ystertydperke ingedeel.³¹ Hoewel daar uiteenlopende en selfs teenstrydige standpunte oor die vroeë migrasiebewegings van die Ystertydperkmense bestaan, is dit seker dat tydens die Laat Ystertydperk (ca. 1500-1800) groot getalle nedersettings op die Hoëveld voorgekom het. Die oorblyfsels van die vele

27 Kyk figuur no. 2.1, p.33(a).

28 Kyk J. Brink & M. Naude, "Plekke van kulturele betekenis: Florisbad, 'n navorsingstasie in die OVS", *Conserva*, vol. 8, no. 3, Mei/Junie 1993, p.24.

29 S.F. le Roux, *Die prehistoriese geskiedenis van Vereeniging*, pp.2,3.

30 S.F. le Roux, *Die prehistoriese geskiedenis van Vereeniging*, p.3.

31 A. Meyer, "Stand van argeologiese insig ...", p.71.

klipkrale en ander klipbouterreine is getuieis van die vestigingsgeskiedenis van die voorsate van die huidige swart bevolkingsgroepe in die land.³²

Hierdie tydperk word veral deur die vestiging van die eerste swart mense in Vereeniging en omgewing gekenmerk, wat dus 'n belangrike deel van Vereeniging se geskiedenis uitmaak. In 'n dolomietgrot op die plaas Zeekoeifontein no. 21 IQ wat naby die Barrage geleë is, is byvoorbeeld 'n vindplek met materiële reste van hierdie Negroïde mense gedurende die veertigerjare ontdek.³³

Hierdie Protohistoriese fase word deur die algehele afwesigheid van die klipwerktuie van die vroeëre tydperke gekenmerk. Die mense van hierdie tydperk was bekend met die ontginning en gebruik van metaal en gevolglik word daar 'n verskeidenheid van metaalversiersels, werktuie en -wapens tussen hulle kulturele oorblyfsels gevind.³⁴ Behalwe voorwerpe wat van yster en koper vervaardig is, het voorwerpe wat van hout, been, horing en klei vervaardig is, ook behoue gebly. Soos in die volgende afdeling sal blyk is die vaardigheid om potte te maak, ook intensief gedurende hierdie tydperk beoefen. Skepelpels wat by bogenoemde vindplekke gekry is, is uniek omdat soortgelyke werktuie nie elders gevind is nie.

Gedurende hierdie fase is groot gedeeltes van Suid-Transvaal en Noord-Vrystaat bewoon en is oorblyfsels in die vorm van ashope, klipkrale en groot getalle potskerwe oor 'n groot gebied nagelaat.³⁵

Hierdie fase het die koms van die blanke nedersetters voorafgegaan.

2.2.1.6 ROTSTEKENINGE UIT DIE PREHISTORIESE GESKIEDENIS VAN VEREENIGING


Behalwe die klipwerktuie en ander oorblyfsels wat uit verskillende tydperke van die prehistoriese geskiedenis gevind is, is daar ook honderde tekeninge op groot sandsteenrotse op 'n klein heuweltjie ongeveer een en 'n halwe kilometer noord van die Redanse poskantoor

32 A. Meyer, "Stand van argeologiese insig ...", pp.69,73.

33 S.F. le Roux, "Some iron age cultural remains from the southern Transvaal", *South African Archaeological Bulletin*, vol. 21, no. 82, June 1966, p.88.

34 Kyk ook pp.40,41.

35 S.F. le Roux, *Die prehistoriese geskiedenis van Vereeniging*, p.3.



Figuur no. 2.2: Rotstekeninge

Bron: *Vashtweekblad*, 17 Februarie 1984: berig.

deur Leslie ontdek.³⁶ Rotstekeninge is ook by Keyterskloof, aan die Suikerboschrand gevind.³⁷

Die vraag is egter wie die kunstenaars van hierdie 244 rotsinskripsies is? Was dit die werk van Boesmans, Hottentotte of is dit dalk deur ander onbekende swart stamme geteken? Dit blyk dat hierdie rotstekeninge uit die Laat Steentydperk dateer. Slegs een van hierdie rotsgravure stel waarskynlik 'n mens voor terwyl 'n hele paar diersoorte uitgebeeld word.³⁸

Hierdie primitiewe kunswerke is 'n sigbare aanduiding dat die gebied reeds vir eeue deur mense bewoon is.³⁹

2.3 GEVOLGTREKKING

Uit hierdie voorafgaande oorsig is dit duidelik dat die gebied rondom Vereeniging van oudsher 'n gesogte vestigingsplek was. Op grond van die min oorblyfsels wat gevind is kan daar egter nie veel van die gemeenskapslewe van hierdie mense vertel word nie.

Uit die voorafgaande uiteensetting is dit egter duidelik dat Vereeniging se grondvestiging reeds eeue gelede in die ontwikkeling van die omgewing se natuurlike hulpbronne bepaal is.

36 J.P. Johnson, *The pre-historic period in South Africa*, p.59.

37 S.F. le Roux, "Strange rock found at Keyterskloof ...", pp.59-61.

38 Kyk figuur no.2.2, p.35(a).

39 *Vasweekblad*, 17 Februarie 1984: berig.